Government Gazette
Staatskoerant

REPUBLIC OF SOUTH AFRICA
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

Vol. 493 Cape Town, Kaapstad, 19 July Julie 2006 **No. 28047**

THE PRESIDENCY

No. 712 19 July 2006

It is hereby notified that the President has assented to the following Act, which is hereby published for general information:—

No. 5 of 2006: Deeds Registries Amendment Act, 2006.

DIE PRESIDENSIE

No. 712 19 Julie 2006

Hierby word bekend gemaak dat die President sy goedkeuring geheg het aan die onderstaande Wet wat hierby ter algemene inligting gepubliseer word:—

No. 5 van 2006: Wysigingswet op Registrasie van Aktes, 2006.

GENERAL EXPLANATORY NOTE:

Words underlined with a solid line indicate insertions in existing enactments.

(English text signed by the President.)
(Assented to 14 July 2006.)

ACT

To amend the Deeds Registries Act, 1937, so as to provide for the continued registration of registrable transactions concerning rights acquired in terms of or under the Black Administration Act, 1927, or proclamations, regulations or by-laws under the latter Act despite its repeal; and to provide for matters connected therewith.

BE IT ENACTED by the Parliament of the Republic of South Africa, as follows:—

Amendment of section 3 of Act 47 of 1937, as substituted by section 2 of Act 87 of 1965 and amended by section 1 of Act 41 of 1977, section 1 of Act 92 of 1978, section 1 of Act 44 of 1980, section 3 of Act 27 of 1982, section 28 of Act 88 of 1984, section 2 of Act 14 of 1993, section 9 of Act 122 of 1993, section 68 of Act 67 of 1995, section 1 of Act 11 of 1996, section 110 of Act 28 of 2002, section 53 of Act 24 of 2003 and section 46 of Act 11 of 2004

1. Section 3 of the Deeds Registries Act, 1937 (hereinafter referred to as the principal Act), is hereby amended by the insertion in subsection (1) after paragraph *(p)* of the following paragraph:

"*(p)bis* despite the repeal of the regulations, proclamations and by-laws made under sections 25(1), 30(2) and 30A(1) of the Black Administration Act, 1927 (Act No. 38 of 1927), by the Repeal of the Black Administration Act and Amendment of Certain Laws Act, 2005 (Act No. 28 of 2005)—

(i) continue to register any registrable transaction concerning a right originally acquired in terms of or under the Black Administration Act, 1927, in accordance with the legislation which created that right; and

(ii) exercise all the other powers and perform all the other duties vested in or imposed upon a Chief Commissioner or registration officer by or under the Black Administration Act, 1927;".

ALGEMENE VERDUIDELIKENDE NOTA:

Woorde met 'n volstreep daaronder dui invoegings in bestaande verordenings aan.

(Engelse teks deur die President geteken.)
(Goedgekeur op 14 Julie 2006.)

WET

Tot wysiging van die Registrasie van Aktes Wet, 1937, om voorsiening te maak vir die voortgesette registrasie van registreerbare regshandelings betreffende regte verkry ingevolge of kragtens die Swart Administrasie Wet, 1927, of proklamasies, regulasies of verordeninge kragtens laasgenoemde Wet ondanks die herroeping daarvan; en om voorsiening te maak vir aangeleenthede wat daarmee in verband staan.

DAAR WORD BEPAAL deur die Parlement van die Republiek van Suid-Afrika, soos volg:—

Wysiging van artikel 3 van Wet 47 van 1937, soos vervang deur artikel 2 van Wet 87 van 1965 en gewysig deur artikel 1 van Wet 41 van 1977, artikel 1 van Wet 92 van 1978, artikel 1 van Wet 44 van 1980, artikel 3 van Wet 27 van 1982, artikel 28 van Wet 88 van 1984, artikel 2 van Wet 14 van 1993, artikel 9 van Wet 122 van 1993, artikel 68 van Wet 67 van 1995, artikel 1 van Wet 11 van 1996, artikel 110 van Wet 28 van 2002, artikel 53 van Wet 24 van 2003 en artikel 46 van Wet 11 van 2004

1. Artikel 3 van die Registrasie van Aktes Wet, 1937 (hieronder die Hoofwet genoem), word hierby gewysig deur in subartikel (1) na paragraaf *(p)* die volgende subartikel in te voeg:

"*(p)bis* ondanks die herroeping van die regulasies, proklamasies en verordeninge kragtens artikels 25(1), 30(2) en 30A(1) van die Swart Administrasie Wet, 1927 (Wet No. 38 van 1927), gemaak, deur die Wet op die Herroeping van die Swart Administrasie Wet en Wysiging van Sekere Wette, 2005 (Wet No. 28 van 2005)—

(i) betreffende 'n reg oorspronklik ingevolge of kragtens die Swart Administrasie Wet, 1927, verkry, voortgaan om enige registreerbare regshandeling ooreenkomstig die wetgewing wat daardie reg geskep het, te registreer; en

(ii) al die ander bevoegdhede uitoefen en al die ander pligte verrig wat by of kragtens die Swart Administrasie Wet, 1927, gevestig is in of opgedra is aan 'n Hoofkommissaris of registrasiebeampte;".

Insertion of section 16D in Act 47 of 1937

2. The following section is hereby inserted in the principal Act after section 16C:

"Registration of transfer of rights acquired in terms of or under Black Administration Act, 1927

16D. Despite the repeal of the Black Administration Act, 1927 (Act No. 38 of 1927), by the Repeal of the Black Administration Act and Amendment of Certain Laws Act, 2005 (Act No. 28 of 2005), and despite the other provisions of this Act and any other law, a right originally acquired in terms of or under the Black Administration Act, 1927, shall be transferred in accordance with the legislation which created that right.".

Short title

3. This Act is called the Deeds Registries Amendment Act, 2006.

Invoeging van artikel 16D in Wet 47 van 1937

2. Die volgende artikel word hierby in die Hoofwet na artikel 16C ingevoeg:

> **"Registrasie van oordrag van regte ingevolge of kragtens Swart Administrasie Wet, 1927, verkry**
>
> **16D.** Ondanks die herroeping van die Swart Administrasie Wet, 1927 (Wet No. 38 van 1927), deur die Wet op die Herroeping van die Swart Administrasie Wet en Wysiging van Sekere Wette, 2005 (Wet No. 28 van 2005), en ondanks die ander bepalings van hierdie Wet en enige ander wet, word 'n reg oorspronklik ingevolge of kragtens die Swart Administrasie Wet, 1927, verkry ooreenkomstig die wetgewing wat daardie reg geskep het, oorgedra.".

Kort titel

3. Hierdie Wet heet die Wysigingswet op Registrasie van Aktes, 2006.